Geliefde Lourensrivierder

Vanoggend hoor ek weer die volgende woorde op Radio Tygerberg wat my so opgewonde maak oor die werk wat Jesus vir ons het.... "Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!" (Jesaja 52:7) Sjoe, ons moet darem baie spesiaal vir die Here wees dat Hy ons gekies het en vertrou met hierdie belangrike taak!!

NUUSKRUMMELS: 02/02/2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

Dinamiet Kiedz

Liewe ouers, ons wil julle baie mooi vra dat julle jul kosbare kindertjies op Sondae eers om 10h15 kom haal. Van 09h00 tot 09h15 sing ons, waarna die storie en boodskap volg. Om 09h45, verdaag die groepies saam met hul leiers na hul klassies waar die nodige vaslegging plaasvind dmv speletjies en ander aktiwiteite tot 10h15. Jul kan dus verstaan dat die Kiedz een van die belangrikste gedeeltes van die oggend uitmis as hulle vroeër moet gaan. Drink asseblief 'n ou koffietjie in die voorportaal terwyl ons jul kinders se verhouding met Jesus versterk met kennis en pret ☺

DECOLIGNY UITREIK:

Daar sal nie vanjaar 'n groep van die Strand na Decoligny gaan nie. Stellenbosch-Wes se groep maak reeds 2 bussies vol. (Ons voel dat die groep nie te groot moet wees om by lidmate huisbesoek te doen nie.) DV neem ons weer in 2018 'n groep van die Strand.

FEBRUARIE SE RIVIERTJIE BESKIKBAAR OP ONS WEBTUISTE:

http://www.lourensrivier.co.za/images/2017dokumente/Riviertjie%20201702.compressed.pdf

MAKWE MISSION: NUUTSTE NUUSBRIEF BESKIKBAAR OP HUL FB BLAD BY

https://www.facebook.com/MakweMission/?fref=ts

WEGNEEMETES: Vrydag 3 Maart (vir ons Voedselfees)

Hierdie jaar is daar Kerrie & Rys (R30),
'n Jumbo Hamburger (bief patti van Flameros) (R30) asook Pannekoek (R5)

Jou dienswerker sal jou besoek met die ete-opnames.

Satelietwyk lidmate kan kaartjies koop

Kontak: 021 853 5991

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

ARBEIDSBEDIENING Sê DANKIE:

Liewe Vriende, namens almal by ARBEIDSBEDIENING wil ek julle bedank dat julle weereens vir ons so wonderllik bygestaan het met ons jaarlikse Vrugtemark.
Baie dankie vir Annalie wat so gehelp het en boodskappe oorgedra het en gehelp het met die reelings.
Hartlike dank gaan ook aan Anna van der Merwe vir die heerlike brood en beskuit wat sy gebak het. Ons het baie goeie terugvoer gekry oor die smaaklike beskuit en lekker brood. Baie dankie ook aan Vollie en Myna Volschenk wat so fluks gehelp het met die verkope. Ons waardeer julle almal se hulp regtig baie.
Sonder julle bystand sou ons nie hierdie mark so suksesvol kon afhandel nie. Tot dusver het ons R22,000 ingesamel met nog geld wat uitstaande is. Ons is baie dankbaar vir die mooi bedrag aangesien daar heelwat minder vrugte was.
Julle hulp het daartoe bygedra dat ARBEIDSBEDIENING soveel meer kan doen om die Blye Boodskap by die werkende publiek te bring.
Mag julle almal Sy Seen in ryke mate ervaar.
Met beste groete, Jan van den Berg (Administratiewe Sekretaris.)

ACVV HUIS JAN SWART
POTJIEKOSKOMPETISIE

Plek: Lourensrivierweg 120 Strand
Datum: 25 Februarie 2017
Vanaf: 12:00 - 17:00

Koste: R50-00
Sluit in: Potjie porsie, rys & tuisgebakte brood

Kaartjieverkope vanaf 13/02/2017 by Henriette/Anderesa by 021 854-3763.

Verskeidenheid potte om vanuit te kies.

Yskoue koeldrank en skyfies word ook te koop aangebied!

Marius & Jackie Dippenaar maak musiek!

Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom!
Besprekings moet afgehaal word teen 17h00.

SOETERUS MINI MARK!!!

Elke 1ste Woensdag van die maand by Olivierstraat 8, Strand. Tel: 021 853 7423)

1 FEBRUARIE 2017

10H00 – 12H00

Hierdie maand verkoop ons:
- ROOMYS (CONES) @ R5
- YSKASTERT
- 2DE HANDSE KLERE
- BOEREWORS ROLLE @ R15

COMMUNITAS KURSUS:

Twyfel jy soms of jy 'n goeie ouer is?
En.... Voel jul gesinstyd soms soos een groot slagveld?
Het jy konneksie met jou kind? Luister julle regtig na mekaar?
Kom gesels saam oor antwoorde op hierdie en ander vrae ...

Skryf in vir die Padlangs Ouerskap-kursus wat middel-Februarie plaasvind.

LW Dis 'n kursus wat spesifiek so ingerig word dat deelnemers toegerus word om dit self te gaan aanbied.
Waar? Communitas, Stellenbosch **Wanneer?** 14 – 16 Feb
Skryf in voor of op 7 Februarie - Inskrywingsvorm kan by Lourensrivier kerkkantoor aangevra word @ 021 853 5991

MEER OOR KURSUS:
Padlangs Ouerskap (Ouerleiding): Aanbieders: Jan van Zyl en Johann Winterbach
Die doel van die kursus is om ouers te begelei in deelnemende positiewe ouerskap.
Ouers word toegerus met gereedskap om hulle te help om 'n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin die geleentheid kry om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.
Kinders word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem. In die proses waar kinders geleer word om keuses te maak, leer hulle selfstandigheid. Die einddoel is 'n plek waar almal in die gesin gelukkig en tevrede is.
Deelnemers ontvang die volgende vaardighede en gereedskap:

- om die belangrikheid van kwaliteit-tyd te besef;
- hoe om empaties te wees – hier word verskeie kommunikasie-vaardighede aangeleer soos om te eggo, hoe om kinders se emosies te erken, refleksiewe luister;
- positiewe geloofwaardige terugvoer;
- nie-bedreigende kommunikasie;
- ek-boodskappe;
- dissipline en
- hoe om 'n huisvergadering in te rig.

Kontak: **Wilma le Roux @** 021 808 3624 of wler@sun.ac.za

VERSOEK VAN ACVV DIE SPEELKASTEEL:

Ons benodig dringend mense wat bereid sal wees om op die Beheerraad van ACVV Die Speelkasteel te dien – enige iemand wat sou belangstel moet werklik die belange van kinders op die hart dra en vir kinders omgee. Hulle kan my ook kontak by die skool: 021 853 7865.

Vriendelike groete, Anneke Theron (Skoolhoof)

021) 853 7865 / 083 577 2004 / speelkasteelstrandhoof@acvv.org.za

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

SONJA HERHOLDT – DONDERDAGOGGEND, 2 MAART 2017

NG KERK STRAND-NOORD, KERKSAAL - (INGANG: JOUBERTSTRAAT)

(!!! OGGEND VERTONING VIR ALLE SENIORS !!!)

KOM GENIET 'N OGGEND VAN HEERLIKE BEDERF SAAM MET SONJA HERHOLDT
EN HAAR IMMERGROEN BEKENDE LIEDJIES (JANTJIE, WATERBLOMMETJIES EN VELE MEER).

KOM VERGEET 'N OOMBLIK VAN AL DIE KWALE, PYNE EN BEKOMMERNISSE, EN KOM ERVAAR HOE ONS SAAM MET SONJA VIR U MET LIEFDE & VREUGDE OMHELS!

U IS SO KOSBAAR VIR ONS HEMELSE VADER, U FAMILIE, GESIN EN VRIENDE...
DAAROM HIERDIE OOMBLIK OM TE KAN Sê DAT ONS U WAARDEER & LIEFHET!

HIERDIE OGGEND VAN NOSTALGIE EN LEKKER SAAMKUIER, IS OOK TEN BATE VAN NG KERK STRAND-NOORD SE BARMHARTIGHEIDSFONDS!

ALLE SENIORS/PENSIOENARISSE...
KOM VIR 'N HEERLIKE BEDERF EN KOOP U KAARTJIE VROEGTYDIG!

AAN AL DIE NIE-SENIORS/NIE-PENSIOENARISSE...
KOOP VIR U PA/MA, OUPA/OUMA, TANNIE/OOM, HUL VRIEND/VRIENDIN 'N KAARTJIE, EN SÊ VIR HOM/HAAR DAT U OMGEE!

Alle Navrae en Kaartjie Besprekings kontak:- Rolene Boshoff
Sel. 074 110 7168 - Tel. 021-809 8508 (Kantoor-ure)
Hectic Biltong Winkel (Strand Meent/Square) - Tel. 021-854 8603
Kerkkantoor - Tel. 021-853 7223 (Slegs Kaartjies - soggens vanaf Maandag, 6 Febr.)

Duurte van Vertoning:- 10H00 tot 11H00 (arriveer vanaf 09h15)
Na die Vertoning is u welkom om Foto's saam met Sonja te neem!

Kaartjie koste:- R60.00 per persoon
Ligte Verversings, Tee, Koffie & Sap sal bedien word.
Gelukkige Trekkings & Geskenkpakkies!

Boraskappe/Skenkings/Hulp insake:- *Sameroepster v Tafel, Vervoer (Ouetehuise), Verversings, Gelukkige Trekkings, Geskenkies vir Bederf.....Kontak asb. v Rolene & Baie Dankie Byvoorbaat!*

Neem asb kennis dat kaartjies ook by Hectic Biltong Winkel in die Strand Meent/Square beskikbaar sal wees!

KNIEWERK:

- Retha van der Westhuizen (kanker)
- Makkie Marx (vir gesondheid)
- Elaine Hobson vir spoedige en volkome herstel
- Simon Wiese vir spoedige en volkome herstel na skoueroperasie
- Cynthia de Witt (vir spoedige en volkome herstel van voet)
- Ons bid vir reën buite seisoen, vir ons land vir toewyding aan die Here Jesus asook veroodmoediging.
  Kom ons maak net vir 'n slag Sy naam groot en loof Hom vir Wie Hy is sonder enige versoeke en lang lysies en die res sal self in plek val.....



FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 05 FEBRUARIE SE BOODSKAP: 1 Kor 2:1-16

VYFDE WEEK NA EPIFANIE: Die kruis is tog wysheid

Verlossing is nie deur ons uitgedink nie. Ons kan ons eie geestelike posisie nie uit eie vindingrykheid, deur introspeksie, of deur inspanning verbeter nie. Mens kom nie by die waarheid van God in Jesus uit deur navorsing te doen, atome te split, of oor land en see te reis nie. Ons het openbaring nodig om verlos te word. Wat ons nie weet nie, moet aan ons meegedeel word. God doen dit. God bring verlossing en kommunikeer dit. Dit gebeur deur mense wat die Woord van God verkondig, wie se woorde bevestig word deur die krag van die Heilige Gees. Hierin speel die Bybel 'n belangrike rol, want in die Bybel het ons die betroubare getuienis oor God en God se werk tot ons heil.. Die Heilige Gees maak hierdie woorde lewend in ons harte, en oortuig ons van die waarheid van God in Jesus Christus. So word ons ingetrek in die fontein van lewe en liefde, die Drie-enige God.

Ons swakhede blokkeer God nie

Die belangrikste les is dat ons swakhede God nie blokkeer nie. Nie Moses, Jesaja, Jeremia of Paulus se swakhede kon God se werk keer nie. Ons s'n ook nie. God slaan 'n reguit hou met 'n krom stok.
In 2 Korintiërs sal Paulus uiteindelik skrywe oor swakhede, sowel die swakhede waarvoor die Satan verantwoordelik is (die doring in die vlees), as swakhede wat inherent aan jouself of jou omstandighede is. Die troos is: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." (2 Kor 12:9).
Daarom, sê Paulus, "sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk." (12:10).
Ons het aan die begin gewonder waarom mense so graag wil opstaan vir Jesus. Waarom wil mense selfs gewelddadig, al is dit met woorde, vir Jesus verdedig. Dis 'n vreeslike misverstand. Die punt is ons hoef nie vir Jesus op te staan nie. Want Jesus staan altyd op vir ons en ons swakhede. Wanneer ons getuig van die Lam van God, aan die kruis ter slagting gelei, werk die Gees kragtig. So word die evangelie versprei.



Nicole Nordeman - You Are My All In All (Lyrics Video)
https://www.youtube.com/watch?v=XZ0S5HBZVh4

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE

'N GROOOOT DANKIE AAN PAM GOLDING WAT VAN NOU AF ONS SONDAG NUUSBRIEWE EN RIVIERTJIE GAAN INKLEUR ☺

Printing sponsored by Pam Golding Properties
Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za
PAM GOLDING PROPERTIES